


# Berg-en-Dal Feesdiens

**Sondagoggend,**
**20 September 2026**
**09:30**

*"Sonder om te rus, herhaal hulle dag en nag:*
*'Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige.*
*Hy wat was en wat is en wat kom.'"*
*(Openbaring 4:8)*

**Ons verwelkom u met groot blydskap by ons Feesdiens**,
'n dankbare viering van Berg-en-Dal se 70ste bestaansjaar
(22 September 1956).

Die diens volg die liturgie soos hierna uiteengesit – geen aankondigings dus.
Agter in die kerk is daar Bybels en Liedboeke, sou u een benodig – u kan solank die Skrifgedeeltes en liedere vir vanoggend se diens daarin opsoek.

MAAK ASSEBLIEF SEKER DAT U SELFOON STIL GESTEL IS.

# LITURGIE

**Klokgelui**

**Verwelkoming**

**Viering van ons saamwees**

## AANBIDDING

**Aansteek van die eerste twee wydingskerse:**

1956-1966: Willemien Smuts, 14 jaar oud by ons stigting
1966-1976: Victor Reitz, hier gebore en gedoop in ons 2$^{e}$ dekade

**Wydingslied:** "Jesus, U is hier.
U ster skyn deur die nag.
Lei ons op u pad, Heer –
Jesus, U is hier."

**Aansteek van die tweede paar wydingskerse:**

1976-1986: Wiehan van Staden (50), jare lank kerkraadslid
1986-1996: Madeleine Kymdell (40), kategeet

**Wydingslied:** "Jesus, U is hier.
U balsem maak ons heel.
Genees ons na u beeld, Heer –
Jesus, U is hier."

**Aansteek van die derde paar wydingskerse:**

1996-2006: Mia de Jager (20), ons 2$^{e}$ jaar teologie student
2006-2016: Amelie Louw (10), 'n 3$^{e}$ generasie Berg-en-Daller

**Wydingslied:** "Jesus, U is hier.
U Gees lei ons vandag.
Gee ons moed en krag, Heer –
Jesus, U is hier."

**Votumgebed:**
(uit Psalm 121 – soos op 22 September 1956, die aand van ons afstigting van ons moeder, die NG Kerk Bloemheuwel; liturg: Ds. Jors Reynders, leraar van Bloemheuwel)

Liturg: "Ek kyk op na die berge:
Waarvandaan sal daar vir my hulp kom?"

Gemeente: "Ons hulp is van die Here,
wat hemel en aarde gemaak het.
Hy sal nie toelaat dat my voet struikel nie;
ons Beskermer sal nie insluimer nie."

Liturg: "Die Here is ons Beskermer;
die Here is die skaduwee aan ons regterhand.

Gemeente: "Bedags sal die son my nie skaad nie,
en snags ook nie die maan nie.
Die Here sal jou beskerm teen elke onheil;
Hy sal jou lewe beskerm."

Liturg: "Ons hulp is van die Here,
wat trou bly tot in ewigheid,
en wat nooit die werke van sy hande laat los nie."

Gemeente: "Die Here sal ons uitgaan en ons terugkeer beskerm,
van nou af en vir altyd.
Amen.

**Seëngroet:** "Genade, barmhartigheid en vrede,
van Hom wat is en wat was en wat kom;
en van die sewe Geeste wat voor sy troon is;
en van Jesus Christus, die betroubare Getuie.
Amen."

**Aansteek van die sewende wydingskers:**

2016-2026: Evert Potgieter (7)

## LOFPRYSING

**Eerste Loflied:** "Liewe Vader, ek sê dankie" (Lied 552:1, 2, 3, 4 en 5 - sittend)

Vroue en dogters: "Liewe Vader, ek sê dankie vir die wêreld rondom my,
want die hemel en die aarde het ons als van U gekry."

Mans en seuns: "Liewe Vader, ek sê dankie vir die lewe rondom my,
al die blomme en die diere het hul prag van U gekry."

Vroue en dogters: "Liewe Vader, ek sê dankie vir die mense rondom my,
al my vriende en familie wat in liefde by my bly."

Almal: "Liewe Vader, ons sê dankie vir U kerk, met plek vir my.
By die lied en die gebede, kom u Woord en maak ons vry."

Almal: "Liewe Vader, ons sê dankie dat ons soveel van U kry,
maar die grootste is U liefde, wat ook in my hart kom bly."

**Tweede Loflied:** "Juig al wat leef, juig voor die Heer!" (Ps 100:1, 2, 3, 4 – staande

"Juig, al wat leef, juig voor die Heer!
Dien God met blydskap, gee Hom eer;
kom nader voor sy aangesig,
en prys Hom met 'n lofgedig.

Die Heer is God, erken dat Hy
'n eie volk vir Hom berei,
'n volk om Hom te dien en vrees
en skape van sy wei te wees.

Gaan deur sy poorte in met lof,
met lofsang in sy tempelhof;
kom in sy huis, o bondsvolk, saam;
verhef sy lof en prys sy Naam.

Want goedertieren is die Heer;
sy goedheid eindig nimmermeer.
sy trou en waarheid hou hul krag.
tot in die laaste nageslag."

## VEROOTMOEDIGING, VERGIFNIS EN VERBINTENIS

**Herinnering aan die Tien, ja twéé Woorde vir 'n Gelukkige Lewe...**

**Lied ter verootmoediging:** "Gods wet vra al ons liefde" (Lied 250:1, 4 en 5)

**Herinnering aan die genadeteken van die doop, en God se beloftes...**
(die doopvont word gevul deur Ellie van der Westhuizen, vanjaar 7 jaar oud)

**Dooplied:** "My enigste troos" (Lied 292:1)

**Oproep van die doopouers en hul getuienis –**

Henry en Heloïse Denner
Adriaan de Bruyn en Marita Herselman
Amos en Juanita Saayman

**Geloofsbelydenis:** Apostolicum

**Bediening van die doop aan –**

Jan-Louis Hendrik Denner
Michiel Adriaan Petrus de Bruyn
Christiaan Saayman

**Dooplied:** "Die doop is die seël dat die Heilige Gees" (Lied 292:2)

**Oorhandiging van die Doopbybels**

**Kindermoment**

**Gebedslied:** "Jesus, U is hier.
U lamp breek deur die nag.
Skyn oor ons vandag, Heer –
Jesus, U is hier.

Jesus, U is hier.
U water nooi ons in.
Laat ons weer begin, Heer –
Jesus, U is hier."

Jesus, U is hier.
U woord is brood wat voed.
Leer ons wat is goed, Heer –
Jesus, U is hier."

*(terwyl ons sing, gaan die kleiner kinders tot Graad 4, na hul kategeselokale)*

## LEES, LUISTER, LEER... EN JOU SIEL SAL LEWE

**Skriflesing:** Openbaring 4:1-11
(Voorleser: Ds. Johan Marais, 6de leraar van Berg-en-Dal).

**Woordverkondiging**

**Dankgebed en toewyding:** "Die Laaste Gebed" (JL, Pinkster, 2006)
(Liturg: Ds. Janke Hurter, 7de leraar van Berg-en-Dal).

Liturg: "Here Jesus Christus,
tot U wat die sewe sterre vashou
en tussen die sewe lampe wandel –

Gemeente: “Bid ons hier uit die **Efese** van ons lewens,
en vra ons U,
om ons harte weer brandend te maak,
soos in ’56, met die eerste liefde –
die liefde wat U vir ons het,
en ons vir mekaar moet hê.
Vergewe ons,
bekeer ons,
skenk ons die lig.”

Liturg: “Here Jesus Christus,
tot U wat die sewe Geeste van God het –

Gemeente: “Bid ons hier uit die **Sardis** van ons lewens,
en vra ons U
om ons deur u Gees
uit die slaap van alledaagsheid en gemak te wek
en ons te laat onthou
dat U sewentig jaar al hier werk, en só sal bly.
Vergewe ons,
maak ons wakker en gereed,
in wit geklee.”

Liturg: “Here Jesus Christus,
tot U, die Alfa en Omega,
die Amen en Getroue Getuie –

Gemeente: “Bid ons hier uit die **Laodicea** van ons lewens,
en vra ons U,
om enige selfvoldaanheid van ons weg te neem,
om ons oë te salf sodat ons onsself kan sien
soos U ons sien;
om ons naaktheid te beklee
en ons uit ons verlorenheid te verlos.
Vergewe ons,
bekeer ons,
kom vandag opnuut ons lewens binne.

Liturg: Here Jesus Christus,
tot U, wat in ons harte sien,
en Wie se krag soos geelkoper glans –

Gemeente: “Bid ons hier uit die **Tiatira** van ons lewens,

en vra ons U,
om ons in liefde en geloof te laat groei,
in diens en volharding,
sodat ons van U alleen ons heil en heling sal verwag,
en nie van gode van geld, goed, genot
of 'n halfhartige godsdienstigheid nie.
Vergewe ons,
bekeer ons,
maak ons rein,
gee ons 'n onverdeelde hart."

Liturg: "Here Jesus Christus,
tot U wat die skerp swaard met twee snykante dra –

Gemeente: "Bid ons hier uit die **Pergamum** van ons lewens,
en vra ons U,
om ons sterk te maak in die stryd teen magte
wat ons op ons knieë wil dwing,
wat ons tot 'n kompromie met die tydsgees wil ompraat.
Roep ons terug,
vergewe ons,
wys ons die waarheid en die weg van u Woord."

Liturg: Here Jesus Christus,
tot U wat die Eerste en die Laaste is,
en die Lewende –

Gemeente: "Bid ons hier uit die **Smirna** van ons lewens,
en vra ons U,
om ons vas te hou en trou te maak,
wanneer dit donker word,
u Kerk na die rand geskuif, bespot en gedreig word.
Hou ons vas,
en gee aan ons die kroon van die ewige lewe."

Liturg: Here Jesus Christus,
tot U, Heilige en Waaragtige God,
wat die sleutels tot die toekoms dra –

Gemeente: "Bid ons hier uit die **Filadelfia** van ons lewens,
en vra ons U,
om ons bietjie krag van 2026,
genoeg te maak deur u groot genade,

sodat ons die geopende deur sal sien,
daardeur in sal gaan na U,
en op ons weg deur die volgende jare.
Hou ons veilig vas,
verseker van wie ons in u Naam is."

Liturg: "Dit vra ons U,
al luisterend na U Gees,
en roep ons saam met u Skepping, u Kerk:
Heilig, heilig, heilig is die Here God!
Kom, Here Jesus, ons wag op U!
Amen."

**Offergawe & orreltussenspel**

## UITSENDING

**Slotlied:** "Op berge en in dale" (Lied 509:1, 2 en 3 - staande)

Op berge en in dale en oral is my God;
waar ons ook telkemale mag swerwe, daar is God!
Waar ons gedagtes swewe of styg, ook daar is God;
omlaag en hoog verhewe – ja, oral is my God!

Sy troue vaderoë sien alles van naby;
ons leef uit sy vermoë – word deur sy Gees gelei.
Die swaeltjies behoed Hy, beklee met gras die dal;
die kleinste wurmpie voed Hy, sorg vir die groot heelal.

Deur eeue en dekades kom soek Hyself ons op;
Hy skenk ons sy genade en maak van ons sy Kerk.
Hy gee die brood en beker, sy Woord dié maak ons sterk;
Hy stuur ons nou weer verder – die Here is ons God!

Sing, Christen, heel ons lewe is veilig in ons God;
waar alles my begewe, of waar ek ly is God.
Waar troue vriendehande nie bykom, daar is God;
selfs in die dood se bande – ja, oral is ons God!

**Seënbede**

**Orrelnaspel**

Ons opregte dank vir die Woordbediening in eredienste op Sondae en ander feesdae, sewentig jaar lank al, gaan in tere herinnering aan:

Dr. Tienie Zeeman en gesin (1956-1974)
Dr. Floris Botha en gesin (1972-1982)
Ds. Jan Slabbert en gesin (1975-1997)
Ds. Gert Terblanche en gesin (1982-2015)

Kerkraadslede, hulppredikers, orreliste, kategete, kosters & kantoor- en kombuispersoneel, en tuinwerkers

Lidmate wat deur hul gebede en meelewing deel was van Berg-en-Dal se bediening

En iedereen vanoggend hier – die generasie van nou –
wat dankbaar en bly is oor Berg-en-Dal se feesjaar,
en wat hierdie erediens 'n hoogtepunt gemaak het.

Mag die genade, liefde en trou van ons Vader, Verlosser en Vertrooster, die toekoms met jul elk en ons gemeente ingaan.


NG KERK BERG-EN-DAL
70 JAAR
DANKBAAR
Berg-en-Dal
Feeskonsert
ORRELIS:
DR. JOHAN CROMHOUT
Sondagaand, 20 September 2026
18:00
Orrelwerke van Mendelssohn, Buxtehude,
Dubois en die bekende Toccata van Boëllmann
SAGTE KOLLEKTE VIR ONS ORRELFONDS